

4 OKTOBER

SKRIFGEDEELTE: Psalms 103

FOKUSGEDEELTE: Psalms 103:19-22

God is in beheer!

Ons weet God is in beheer, maar weet is nie genoeg nie. Ons moet leef uit hierdie wete!

Dawid het hierdie kosbare les geleer deur sy lewe. 'n Lewe vol hoogte – en laagtepunte.

In Psalm 103: 19-22, prys Dawid die Here vir Sy heerskappy en soewereiniteit. Soewereiniteit beteken God se absolute heerskappy, beheer en mag oor die heelal en daarby ingesluit elke mens.

Baie mense glo dat God bestaan, maar trek twyfel aan Sy soewereiniteit. Miskien moet ons die vraag stel. As God nie in beheer is van alles, WIE is dan in beheer?

Die noodlot of geluk? Selfs gelowiges speel met hierdie idêe. As 'n mens so dink dan beweer ons dat daar geen plan of orde in die skepping is nie. As dit so is, dan mag en moet ons bang wees vir die toekoms. God wil nie dat ons so leef nie. Hy wil dat ons weet, glo en leef onder die besef HY IS IN BEHEER.

Omdat HY in beheer is kan ons vertroosting vind:

In die **eerste plek**, in die feit dat die almagtige God wat in absolute beheer van alles is, elke dag, intiem en voortdurend betrokke is in ons lewe. Sy versorging en beskerming stop nooit. Hy weet presies wat ons vir vandag en more nodig het.

In die **tweede plek**, in die wete dat HY elke omstandigheid in ons lewe, hoe pynvol of moeilik dit ookal is, ten goede sal laat uitwerk.

In die **derde plek**, wanneer ons besef dat niks ons kan aanraak sonder Sy toestemming.

Hy is:

1. Hy is alwetend - Hy kan ons moeilikste vrae beantwoord.
2. Hy is almagtig - Hy is sterk genoeg om jou swaarste hindernis te oorkom.
3. Hy is alomteenwoordig-waar jy ookal gaan Hy is daar.

Ds Paul Lubbinge (Mosselbaai)